

HOËRSKOOL ZWARTKOP

H/v Mopaniweg en Ou Johannesburgweg • Privaatsak x 109 • Centurion • 0046
Tel: 012 654-8041 • Tel: 012 654-4747 • Faks: 012 654-5462
wenners@zwarries.co.za • www.zwarries.co.za



Geagte Ouer

SKOOLGELD VIR 2018

Na aanleiding van die ouervergadering wat op 13 November 2017 gehou is, is die skoolgelde vir 2018 vasgestel en wil ons graag die besluit ten opsigte van die verhoging bevestig. Tydens hierdie vergadering is die voorgestelde begroting met 'n meerderheidstem goedgekeur.

Kragtens artikel 39 en 40(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet is beide ouers aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld.

Ons vestig u aandag op die volgende belangrike sake met betrekking tot die skoolgeld vir volgende jaar:

1. SKOOLGELDE VIR 2018

Skoolgeld is jaarliks vooruit betaalbaar en mag maandeliks vooruit betaal word. **Sou die ouers in enige stadium in versuim wees met die maandelikse betalings, is die totale jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.** Die skoolgelde beloop die volgende bedrag per leerder per jaar:

- R24 800 per kind per jaar indien eenmalig vereffen word voor/op 28 Februarie 2018;
- R24 800 per kind per jaar indien in 10 gelyke **debietorder** paaiemente vereffen word;
- R25 800 per jaar indien in kontant / elektroniese maandelikse paaiemente vereffen word.

Indien die R1000 (of R500 vir gr. 8) registrasiefooi vir 2018 betaal is, sal dit as krediet op die skoolfondsstaat verskyn. Dit word dus van die skoolfonds afgetrek.

2. BETAALWYSE VAN SKOOLGELD:

- Eenmalig betaling moet geskied voor/op 28 Februarie 2018
- Debietorderbetalings geskied maandeliks vanaf Februarie tot November met 'n keuse van die 1ste of 15de as aftrekkingsdatum.
- Kontant of elektroniese betalings met eerste betaling voor/op 19 Januarie en maandeliks die 1ste dag van elke maand met laaste betaling 1 Oktober

3. ELEKTRONIESE INBETALINGS VIR SKOOLGELD

(OTM-oorplasing, direkte of interne bankdeposito's, kontant of kredietkaart)

- Betaalbaar voor die **5^{de} dag** van elke maand,
- Gebruik **slegs** u kind se rekeningnommer as verwysing wanneer skoolfondsbetalings gedoen word. Gebruik die rekeningnommer + beskrywing vir ander betalings bv: **HAR001 Rugbytoer**. Vir navrae oor die rekeningbesonderhede en verwysing kan u die Finanskantoor kontak by **(012) 654 8041**.
- Die bewys van betaling kan na m.vorster@zwarries.co.za ge-e-pos word. Dit is nie nodig as u die regte verwysing gebruik nie.

4. DEBIETORDERS (VORM AANGEHEG)

- Ouers word aangemoedig om maandelikse betalings per debietorder te doen.
- Die voltooide vorm moet die finanskantoor voor **22 Januarie 2018 bereik**.
- **Ouers moet elke jaar 'n nuwe debietorder instel.**

5. AANSOEK VIR SUBSIDIE VIR 2018

- Volgens die nuutste wysigings soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 2931 gedateer 18 Oktober 2006, mag sekere ouers binne bepaalde voorwaardes kwalifiseer vir gedeeltelike of algehele vrystelling vir betaling van skoolgelde.

- Aansoekvorms is by die finanskantoor beskikbaar en volledige voltooide vorms, tesame met **alle vereiste dokumente** moet voor 28 Februarie 2018 by die finanskantoor ingedien word.
- In die bepaling van volle of gedeeltelike vrystelling neem die Beheerliggaam in terme van die regulasie van die staatskoerant **die bruto salaris van beide ouers in berekening** as 'n persentasie van die skoolgeld. **Aansoeke om korting moet jaarliks gedoen word.**
- Alle vrystellingsvorms wat ingehandig word na die genoemde datum, moet vergesel wees van 'n brief waarin die laat indiening gemotiveer word.

6. Ten einde die ordelike bedryf van die skool te verseker, is dit afhanklik van die stiptelike betaling van skoolgeld deur die ouers. Soos tydens die Algemene ouervergadering van 13 November 2017 met ouers gedeel, laat die maandelikse kontantvloei-begroting van die skool nie ruimte vir skoolgeldverpligtinge wat agterstallig raak nie. Die beheerliggaam (aan wie die skoolgeld betaalbaar is) mag net soos enige ander verskaffer van goedere en dienste die nodige aksie neem om hierdie gelde te vorder en sal enige dispuut, meningsverskil of eis wat gebasseer is op 'n likiede eis of dokument, voortspruitend uit, of in verband met hierdie ooreenkoms, besleg word deur die proses van Arbitrasie. Die dispuut, meningsverskil of eis sal ingedien word by die "South African Chamber of Arbitration", wie die Arbiter sal aanstel om die dispuut / verskil / eis te besleg volgens die Reëls vir "Speedy Arbitration of Financial Claims", welke beskikbaar is op www.arbitrationsa.co.za. Enige uitspraak gelewer deur die "South African Chamber of Arbitration" is finaal en bindend op die partye en sal geen van die partye 'n reg hê tot enige appél rondom die uitspraak nie. Enige uitspraak deur die arbiter van die "South African Chamber of Arbitration" is ten volle afdwingbaar deur enige gepaste hof met die nodige jurisdiksie.

Deur die getroue betaling van skoolgeld word verseker dat onderwys van hoogstaande gehalte gelewer kan word. Skoolgeld betaal vir alle bedryfsuitgawes, instandhouding en uitbreidings aan die skool.

Bankbesonderhede :

Bank : **ABSA** Tak : **Centurion**
 Tak nr : **632005** Rek. Nr : **2890 390 008**

Die beheerliggaam is dankbaar vir 'n ouergemeenskap vir wie gehalte onderwys 'n prioriteit is.

By voorbaat dankie vir u ondersteuning.

Zwarrie-groete

DR. D. STRYDOM
SKOOLHOOF

MNR. BERTUS MYBURGH
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM

HOËRSKOOL ZWARTKOP
VAKBELADINGS 2018

Die volgende addisionele vakgelde is per jaar betaalbaar:

	Per Jaar R	Maandelikse X 10 Paaieimente R
Dans Akademie Gr 8 & 9	4 100	410
Dans Akademie Gr 10 - 12	4 400	440
Lugvaartkunde Gr 8 & 9	1 800	180



HOËRSKOOL ZWARTKOP



DEBIETORDER 2018

BELANGRIKE INLIGTING T.O.V. DIE VOLTOOIING VAN DIE DEBIETORDER

- Die vorm moet asseblief **noukeurig** en **volledig** ingevul word.
- **GEEN** debietorder wat onvolledig ingevul is, word aanvaar nie. Die debietorder sal aan u teruggestuur word sodat die nodige uitstaande inligting voltooi word.
- Die voltooide debietorder kan by die finansieskantoor ingehandig word /e-pos: finansies@zwarries.co.za

LEERDERBESONDERHEDE		REKENING NOMMER VAN KIND/FAMILIE:	
	Eerste Leerder	Tweede Leerder	Derde Leerder
Naam en Van			
Graad in 2018			
Skoolgeld	R2 480 (per maand) (Korting reeds ingereken)	R2 480 (per maand) (Korting reeds ingereken)	R2 480 (per maand) (Korting reeds ingereken)
Dans / Lugvaartkunde (indien van toepassing)			
TOTAAL			

BANKBESONDERHEDE VAN OUER/VOOG:			
VOORLETTERS EN VAN, VAN REKENINGHOUER			
BANK			
TAKKODE (6 – syfer takkode)			
REKENINGNOMMER			
TIPE REKENING (Tjek, Transmissie, Spaar)			
DAG VAN AFTREKKING: (merk met 'n kruisie)	1 Ste		15 De

NB! AFTREKKINGS WORD SLEGS VANAF FEBRUARIE TOT NOVEMBER OP DIE 1^{STE} OF DIE 15^{DE} DAG VAN ELKE MAAND GEDOEN.

Hiermee gee ek volmag dat Hoërskool Zwartkop die bogenoemde bedrae per debietorder mag verhaal vanaf my bankrekening (soos hierbo aangedui) vanaf _____ (Datum van 1^{ste} aftrekking) tot _____ (Datum van laaste aftrekking)

VOORWAARDES:

1. Indien die betaling van 'n debietorder vir een maand deur die bank geweier word, word die bedrag vir die volgende maand verdubbel.
2. Koste tov debietorder wat teruggestuur word, word teen u rekening gehef. Korting word teruggeskryf.
3. Indien 'n debietorder 'n tweede keer geweier word, word dit nie weer aangebied vir betaling nie en word ek aanspreeklik gehou vir die vereffening van die volle skoolgeld.
4. Hierdie magtiging kan deur my gekanselleer word deur u 30 dae skriftelik kennis te gee.
5. Ek erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my rekening te behartig, geen van hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder my skriftelike toestemming nie, en dat ek geen van my verpligtinge ingevolge hierdie kontrak aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming van die gemagtigde partye nie.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____
201____.

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER

KONTAKNOMMER